# *tippet 100*

**Ek was vroeër 'n papegaai-teler. Philemon, my tuinman, kyk eendag die spulletjie só en vra: "Wat is die werk van die voëltjie? Ons eet nie sy eiers nie en ons eet nie die voëltjie nie…" (van versamelaars-waarde het hy nie verstaan nie.)**

**Dis 'n diep mensvraag ook dié. "Hoekom is ek hier?" "Waarmee moet ek nou besig wees in my persoonlike lewe, in my verhoudings of by my werkplek?" "Waar kan ek iets beteken vir iemand?" "Hoe kan ek vanuit my oortuigings 'n verskil maak dáár waar ek vandag is?"**

**Philemon het die vraag gevra. Ons skuld onsself 'n antwoord.**

**Francois Retief**

**13 Augustus 2018**